NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

31 Oktober 2024

VAN: Die Bedryfshoof
Sinodale Dienssentrum

AAN: Predikante

**OMSENDSKRYWE NR 41/2024**

Geagte broers en susters

## SANLAM-NOMINASIEVORM

Ek glo dat die meeste van u weet dat die NHKA Pensioenfonds nie meer bestaan nie. Al die pensioengeld wat in die NHKA Pensioenfonds was, is oorgedra na die Sanlam Sambreelfonds.

Die doel van die aangehegte nominasievorm is om aan die trustees leiding te gee oor hoe u pensioen en lewensversekering uitbetaal moet word indien u voor aftrede te sterwe kom. Die risiko indien daar nie 'n nominasievorm is nie, is dat die trustees self 'n besluit/e moet neem. Die uitdaging is dat die trustees 'n ondersoek sal moet uitvoer voordat enige uitbetalings gedoen kan word wat vertragings sal veroorsaak en u geliefdes onder moontlike finansiële druk gaan plaas.

In die meeste gevalle sal die trustees geen kennis van u persoonlike omstandighede hê nie. Die trustees moet dus staatmaak op die inligting wat in die nominasievorm verskaf word. Die trustees stel voor dat u bykomende inligting of dokumente by hierdie vorm voeg met redes vir u besluit oor die toekenning, of om enige bykomende inligting te verskaf wat u glo die trustees sal help. Hierdie notas sal die trustees in 'n meer ingeligte posisie plaas om 'n finale besluit oor die verdeling van u voordele te neem en hulle help om u voordele in ooreenstemming met die Wet op Pensioenfondse toe te ken, terwyl hulle u wense in ag neem.

**Indien u voor 1 Maart 2024 begin werk het:**

Die voordele wat u begunstigdes ontvang wanneer u voor aftrede te sterwe kom, is 8x die jaarlikse versorgingsvoordeel. Lede het gedurende 2022 'n kans gehad om die dekking eenmalig te verminder. Besoek gerus www.cp.sanlam.co.za om u nuutste voordeelstaat te besigtig waar daardie bedrag bevestig sal word indien u enigsins onseker is.

**Indien u na 1 Maart 2024 begin werk het:**

Die voordele wat u begunstigdes ontvang, wanneer u voor aftrede te sterwe kom, is 2x jaarlikse versorgingsvoordeel. Lede kan ook vir bykomende dekking aansoek doen van 1, 2, 3, 4 of 5x die jaarlikse versorgingsvoordeel.

Ek vertrou dat u die nominasievorm as dringend sal beskou, en die voltooide en getekende vorm binne sewe werksdae vir Susan Moore by mannekrag@nhk.co.za sal stuur.

Baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Vriendelike groete

**Mnr JJP Hattingh**
***Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum***

012 322 8885 x3008
johan@nhk.co.za